



Marda gesels...

deur Marda Oosthuysen

Liewe Vriendin

So baie dinge gebeur in 'n kort tydjie. Paasaweek is verby...ons het weereens tot die diepe besef gekom van God se liefde vir elkeen van ons...ons het by die Kruis vertoef, maar jubelend die Opstandingsdag gevier. Hoe spesiaal is ek en jy nie!!!

Ons is al 'n maand in ons nuwe tuiste. Dit is vir ons heerlik en dit voel asof ons met vakansie is... 'n lekker vakansie met 'baie harde werk'. Ek voel skaam dat ek die afgelope maand my DK-verpligtinge bietjie afgeskeep het, maar dit was regtig omstandighede buite my beheer. Gelukkig het ons 'n Sonja in die kantoor wat die leisels vashou. Uiteindelik begin ons ook darem die ledestelsel se laaste foute uitsorteer en kan ons binnekort op ge-oliede wiele loop.

IN HIERDIE UITGAWE:

- * **BERAAD REGISTRASIEVORM EN BANKBESONDERHEDE** (Bladsy 2-3)
- * **PROSEDURE vir Grondwet-en Reglementwysigings** (Bladsy 4)
- * **GRONDWET- EN REGLEMENTWYSINGSVORM** (Bladsy 5)
- * **Centurion Karee-Tak uitstappie** (Bladsy 6)
- * **Projekte-terugvoer** (Bladsy 6)
- * **Nuwe lede verwelkom** (Bladsy 7)
- * **WEN!!!! Twee gelukkige Klits Klets-lesers kan elk 'n boek wen!** (Bladsy 8-11)
- * **WENNERS VIR MAART-BOEKE aangekondig** (Bladsy 7)



Die Beraadingskrywingsvorms is verlede maand uitgestuur. Maak seker dat jy betyds registreer vir die Beraad in Pretoria. Dit gaan 'n baie spesiale geleentheid wees en ons wil graag dat soveel as moontlik van ons lede dit bywoon.

Ek deel graag bietjie Beraadinligting om jou opgewonde te maak. **Vrydagmiddag** is ons eerste spreker, **Dr Pieter van Jaarsveld** van Tandem Training aan die woord. Hy is die skrywer van die boek 'Dink jouself gelukkig'. **Vrydagaand** is 'n uithanggeleentheid waartydens die VROU van FORMAAT-toekenning oorhandig gaan word aan 'n baie prominente vrou...maar dié verrassing hou ek tot die Beraad. Ons oorhandig ook die Presidentstoekenning aan 'n DK-lid. Dit gaan 'n prestige geleentheid wees en gaskunstenaars gaan die aand verder inkleur. Dit gaan 'n stylvolle geleentheid wees...soek solank 'n spesiale nommertjie.

Professor André Duvenhage van NW-Universiteit gaan bietjie gesels oor **VREESLOOS VROU**-wees in die huidige politieke klimaat en die skrywer van *Vlinders in die Wind*, **Lina du Plessis**, het uitgebreide ondervinding in die onderwys en met gemeenskapsontwikkelings-projekte. Ons gaan beslis nie teleurgesteld wees nie.

Ons gaan ernstig saamdink en beplan vir ons mooi organisasie en elke DK-lid se insette is nodig. Begin SPAAR!!! Wil jou daar sien!!

Vriendin, jy hét 'n ongelooflike roeping...weet jy dit? Om 'n Dameskringlid te wees IS 'N ROEPING...en daarom kan nie een van ons 'net wees nie'. Kyk om jou rond, luister fyn, dink ernstig...en antwoord:

"Hier is ek Here, stuur my!"

Tot volgende keer

Marda



REGISTRASIEVORM**SPERDATUM vir REGISTRASIE: 31 MEI 2018****DIE DAMESKRINGBERAAD 5 – 7 OKTOBER 2018 te AFRIKAANS HOër MEISIESKOOL, PRETORIA**

Naam: _____ Van: _____ Lidnommer: _____
 Taknaam: _____ Taknommer: _____ Geboortedatum: _____
 dd/mm/jj

Kontakbesonderhede: E-posadres: _____
 Selnommer: _____

Is u gemaklik om trappe te klim? JA NEE

KAMERINDELING:

Indien u met spesifieke persone 'n kamer wil deel, spesifiseer asb. _____

Geen spesifieke voorkeure nie: _____ (merk hier)

Kontakbesonderhede van 'n naasbestaande:

Naam: _____ Selnommer: _____

Spesifieke dieet wat geakkommodeer moet word (allergieë, ens.)

VERVOERREËLINGS

Reis met: Eie voertuig: JA NEE Registrasienommer: _____
 Saamry-voertuig: JA NEE Registrasienommer: _____
 Vliegtuig: JA NEE

Merk lughawe: OR Tambo Lanseria Wonderboom
 Spesifieke lugredery: _____ Vluginommer: _____
 Aankomstyd: Datum: _____ Tyd: _____
 Vertrektyd: Dag: _____ Tyd: _____

Vervoeropsies vanaf lughawe:

ORTIA Gautrein R175 p persoon
 Uber R450 p persoon
 Benodig vervoer: JA NEE



⇒ BERAADFOOI:

OPSIE 1		OPSIE 2		OPSIE 3	
Volledige pakket		Volledige pakket + ekstra nag in koshuis		Volledige pakket SONDER koshuisverblyf	
R1600 Merk in blokkie asb.		R1750 Merk in blokkie asb.		R1300 Merk in blokkie asb.	

LET WEL: Die koshuis is slegs beskikbaar as 'n minimum van 50 persone op Donderdagaand kan slaap.

(Verwysing: U sal 'n Belastingfaktuur met registrasienuommer ontvang nadat registrasievorm ontvang is. Gebruik asseblief die nommer op die faktuur as verwysing met inbetaling)

Bankbesonderhede: Rekeningnaam: Die Dameskring
 Bank: ABSA Aucklandpark (Lopende rekening)
 Takkode: 632 005
 Rekeningnommer: 2840 750 062
 VERWYSING: Gebruik asseblief die Registrasienuommer, soos verskaf na registrasie

Stuurbewys van betaling aan: FAKS: 086 262 4946

E-POS: admin@dameskring.co.za

BELANGRIKE INLIGTING RAKENDE DIE BERAAD-REGISTRASIES: Jul sal eersdaags 'n belastingfaktuur ontvang indien jul reeds jul Beraad-registrasievorms ingestuur het. Ons is tans besig met die finansiële Jaareinde en moet eers afsluit voordat nuwe belastingfakture vir April uitgereik kan word.

BELANGRIKE INLIGTING RAKENDE Grondwet- en Reglementwysigings

Skriftelike gemotiveerde wysigingsvoorstelle moet aan die UITVOERENDE BESTUUR voorgelê word **5 (VYF) maande voor die Beraad.**

Beraaddatum: 5-7 Oktober 2018

Wysigings voorstelle moet dus VOOR, of **OP 7 Mei 2018** ingedien word by die kantoor. **OPSKUD!** Daar is minder as 'n maand oor...



PROSEDURE vir Grondwet- en Reglementwysigings

Skriftelike gemotiveerde wysigingsvoorstelle moet aan die UITVOERENDE BESTUUR voorgelê word **5 (VYF) maande voor die Beraad.**

Beraaddatum: 5-7 Oktober 2018

1. Wysigings voorstelle moet dus VOOR, of OP **7 Mei 2018** ingedien word by die kantoor.

- Die Uitvoerende Bestuurslede moet elke voorgestelde wysiging deurwerk en toets of dit grondwetlik, logies en redelik is. Die UB besluit ní of dit aanvaar word of nie....dit kan net die Beraad doen, maar die UB doen 'n aanbeveling ivm elke voorgestelde wysiging.
- Tydens die Junie Uitvoerende Bestuursvergadering word dit deur die UB hanteer. Sou daar probleme met enige voorstel wees, word dit met die takke opgeneem wat die voorstelle ingedien het.
- Nadat die voorstelle ontvang is, word dit deur die UB hanteer. Indien daar wesenlike probleme met 'n voorstel sou wees, moet daar met die betrokke tak in gesprek getree word en toestemming gevra word dat die tak die voorstel wysig of terugtrek. Die gesprek is net tussen die UB en die tak wat die wysigingsvoorstel ingedien het. Ander takke kry hulle beurt om 'n stem daarvoor of daarteen uit te bring by die Beraad.

2. 7 AUGUSTUS

- Nadat alle voorstelle deur die UB ge-evalueer is, en 'n finale dokument saamgestel is, word hierdie dokument tesame met 'n kennisgewing in die verband aan die takke versprei. Dit moet voor of op **60 dae** voor die Beraad by die takke wees. In die geval moet dit teen **7 Augustus 2018** by al die takke wees. Diedoel hiervan is om die takke die geleentheid te gee **om elke voorstel** in takverband te bespreek en uitsluitel te kry oor hoe die tak wil stem tydens die Beraad. Dit word van elke tak verwag om vir die afgevaardigde 'n volledige mandaat te gee om te stem soos die tak verlang.
- Die grondwet is nie voorskriftelik of dit kalenderdae of werksdae moet wees nie....dan is dit algemene gebruik om met kalenderdae te werk. *GEEN gesprekvoering tussen taklede en UB vind plaas mbt die wysigingsvoorstelle nie...slegs wanneer die UB aanbeveel dat daar 'n aanpassing aan die reeds ingediende wysiging gemaak moet word.*

AKSIES:

1. **ALLE Grondwet- of Reglementwysigingsvoorstelle MOET voor of op 7 Mei 2018** by die kantoor ingedien wees. Die voorgeskrewe vorm wat gebruik moet word is hierby ingesluit.
2. Nadat ALLE voorstelle deur die UB ge-evalueer is, word 'n FINALE DOKUMENT met AL DIE WYSIGINGS saamgestel. Dit word VOOR of OP, 7 AUGUSTUS 2018 aan AL DIE TAKKE gestuur.
3. Taklede neem 'n FINALE besluit oor die WYSIGINGSvoorstelle en gee 'n mandaat aan die takafgevaardigde om namens die LEDE van die betrokke tak te stem vir die voorstelle.
4. Geen bespreking van die betrokke wysigingsvoorstelle sal tydens die Beraad toegelaat word nie.



GRONDWET- EN REGLEMENTWYSINGS

LET WEL

WYSIGINGSVOORSTELLE MOET VOOR, OF OP **7 MEI 2018** BY DIE KANTOOR INGEDIEN WEES.

TAKNAAM: _____

TAKNOMMER: _____

Hiermee stel ons die volgende grondwet/reglementwysiging voor:

(Skrap wat nie van toepassing is nie)

Huidige bewoording van artikel _____ van Grondwet/reglementwysiging voor: *(Skrap wat nie van toepassing is nie)*

Voorgestelde bewoording van artikel _____ van grondwet/reglement

MOTIVERING VIR WYSIGING VAN ARTIKEL

GETEKEN

VOORSITTER

SEKRETARIS

DATUM



TAKNUUS deur **Chrissie Naudé**



As deel van ons jaarprogram, onderneem ons 'n uitstappie na Helena Horne se erdwurmplaas in Raslouw. Die meeste van ons taklede van Centurion Karee, kon dit nie meemaak nie, dus nooi ons toe van ons tuinvriende om saam te gaan.

'n Ou jare lange vriendin Hanna de Villiers by wie ek alles van lappieswerk geleer het, neem haar man Dyf ook saam. Hulle is albei tuin entusiaste en glo aan 'n inheemse tuin. Dus pryk daar talle uitgegroeide bome wat heerlike koelte verskaf. By hom het ek weer gaan kersopsteek oor die maak en versorging van bonzaïs.

'n Baie spesiale uitstappie na 'n erdwurmplaas

Steph Neizel loop ook 'n lang tuinpad saam met my saam. Ons was albei verantwoordelik vir die tuine in De Camdeboo waar ek vroeër gewoon het. Dus het sy die uitstappie net so geniet.

Koos Reynecke, wat ook saam was, het altyd saamgery wanneer ek en hy gaan erdwurp tee en soms 'n sakkie kompos koop vir ons tuine. Hy en sy vrou Gerda, wat al saam met my in die Kruger Park gaan stap het, maak soggens net na dagbreek Eldoraïne se strate skoon in die omgewing waar hulle woon. Hy het dus sommer met 'n sak vol optelbottels daar aangekom vir haar erdwurmtee.

Alta de Ridder, die vrou met die kiere, is nog lank nie reg om die emmer te skop nie. Sy gaan nog volstoom aan in haar tuin, ook hier by Protea. Sy is bekend daarvoor dat sy 'n stok in die grond kan druk, dan groei hy. Ons twee ken mekaar en is vriende vanaf die tyd toe haar oudste seun Dries en my oudste Pieter, maatjies in Bambi Kleuterskool was. Hulle is nou albei vyf-en-vyftig jaar oud. Dus het ons saam 'n sak sout opgeëet. Ons mans Kobie en Dries het saam die pad gevat na die viswaters toe, wanneer die vrou vir hulle te veel raak.

Wat ons moes weet: Die erdwurms is nie dié wat in ons tuine voorkom nie. Hulle is klein en rooi van kleur. Die beste voeding vir hulle, volgens haar, is perdemis. Sy woon op 'n kleinhoeve en het self perde waar die mis vandaan kom. Sy gebruik plastiek bakke wat opmekaar pas, met gaatjies onderin. Die boonste bak het die grootste wurms en die derde bak ondertoe, dus die kleinste. Die bakke moet gereeld omgeruil word. Die donkerbruin vog sak af na die leë bak heel onder. Dis daar waar sy die bottels vol erdwurmtee oes. Dit kos R35 'n bottel. Dan het sy ook sakkies

kompos, of is dit eerder van die mis, wat baie gekonsentreerd is.

Dit strooi jy om jou plante en voeg dan water by. Jy kan dit ook in 'n emmer gooi en water byvoeg wat dan self vir jou die tee maak. Dis uitstekend om jou plante daarmee te voed, saam met Multifeed en Yster Chelaat.

Die komposhoop: Dit doen sy ook op grootskaal. Ons het ook sakke vol wegery.

Gebruik al jou kombuisafval, soos groenteskille en piesangskille, maar vermy komkommer wat te veel water afgee asook sitrus. Sy voeg ook hierby van die perdemis bo-oor asook van die hooi uit die stalle wat die boonste laag vorm. Dit moet gereeld natgespuit word. Die hele hoop word warm in die proses, soos wat dit afbreek tot kompos.


Helena het baie moeite vir ons gedoen en 'n mooi tafel gedek vir tee-tyd. Ons het saam gesmul aan 'n *selfgekoopte* melktert. Sy het ook op versoek vir ons vertel van die werk wat sy doen as voedingkundige vir diere.

So voel-voel gaan ons deur die oggend, met kiere en al. Almal luister wat daar vir ons geleer word oor erdwurms.

Tien skeppe kompos vir elke sak wat Koos ewe geduldig wegry vir oplaai.

Hanna en Dyf de Villiers. Sy was al vroeër vereer as die Kunstenaar van die Jaar, met haar helderkleurige skilderye.

PROJEK-TERUGVOER



BEURSFONDSBYDRAES

Takke en lede word aangemoedig om reeds te begin bydra tot die 2018-Beursfonds. Baie dankie vir almal se getroue bydraes!

Baie dankie aan die volgende takke/individue vir hulle pragtige bydraes tot einde Maart 2018:

- | | |
|---------------------------|------------------|
| A vd Meer | R1 000.00 |
| Belville Rooipypie | R 500.00 |
| Burgersdorp | R 620.00 |
| PE Laventel | R 360.00 |

Kleinmond – jul tak is voorwaar 'n pragtige voorbeeld, aangesien elke lid 'n Beursfondsbydrae gemaak het. Baie dankie!

Indien jou/jul bydraes (vir Maart 2018) nie hier genoem is nie, kontak my asseblief vir 'n regstelling by:
admin@dameskring.co.za



Borg 'n bladsy verskyn elke kwartaal in die Granaat- dit is dus 'n deurlopende projek...

Advertensies kan geplaas word teen R150 per bladsy - 'n lyninskrywing – dit moet nie langer as 30 woorde wees nie. Bewys van betaling moet die borg se besonderhede (Naam en telefoonnommer & dorp) en lyninskrywing vergesel wanneer dit na admin@dameskring.co.za

NUWE LEDE

Baie welkom aan ons nuwe DK-lede !

Cara du Preez
Welma Brits
Christine Botha
Amia Lipawsky
Isabel Ballot
Benita Stassen
Sinmarie Pieters
Joana Loftus
Lesbé Greeff
Hannah Heine
Amanda Janse van Rensburg

Baie geluk aan die eerste drie takke wat al hul ledegelde vereffen het... jul tak sal EERSDAAGS 'n verrassing in die pos ontvang – lees meer hieroor in ons KlitsKlets van Mei...

1STE : SEKELBOS (328)

2DE : STRAND (108)


3DE : VISIE+ (213)

WAARDES VIR WOELWATERS is beskikbaar by Die Dameskring, Hoofkantoor. Bestel by admin@dameskring.co.za

WENNERS VAN MAART-BOEKE:

GOD & GENADE deur Stephan Joubert: Anieka Malherbe, WELLINGTON
SPERTYD deur Elsa Joubert: Cecile de Villiers, STELLENBOSCH





DIE OU STORIES...

RESENSIE: DIE OU VROU EN DIE PRIESTER deur CECILE CILLIERS

"Ons het geëet, en gedrink en gesing. En die ou stories vertel ..."

Hierdie woorde uit die verhaal Reünie is 'n goeie opsomming van hierdie bundel kortverhale deur die bekende rubriekskrywer, Cecile Cilliers. Cilliers het vir meer as dertig jaar rubrieke vir *Beeld*, *De Kat* en *Sarie* geskryf, maar hierdie bundel is, op 84-jarige ouderdom, haar debuutbundel kortverhale. Die titelverhaal is ook die slotverhaal in die bundel en is 'n ironiese samevatting van die temas wat in hierdie verhale aangespreek word., soos liefde, godsdienst, vriendskap, ouderdom, die dood en veral verlies. Dit is die gewone dinge wat 'n lewe volmaak en wat hier verwoord word. Dit is die gewone dingetjies wat die grootste invloed op 'n lewe kan hê.

Hierdie is 'n bundel kortverhale in die klassieke sin, verhale gegroepeer om 'n paar hooftemas, verhale wat - soos 'n mens tradisioneel van kortverhale verwag - soms 'n verrassende einde het. Die taalgebruik is presies en netjies, en kom so 'n bietjie gedateer voor, maar dit lees vinnig en maklik en die leser word voorgestel aan 'n aantal kleurrike karakters. Die verhale wek 'n wye aantal emosies op: van vreugde, verrassing en 'n tong-in-die-kies-laggie tot empatie, verlies en skok. Die bundel as eenheid handel dus met die volle omvang van menslike ervarings en emosies. Daar is wel 'n paar temas en verhale wat uitstaan.

'n Belangrike tema wat in hierdie verhale na vore kom, is **verlies** en die gevolge daarvan. Die verlies van onskuld in "Herrnhut" en "Verlies", die verlies van 'n geliefde in "Die fox fur", "Brood" en "Die trourok", die verlies van jeug en krag in "Beeld van 'n lewe: Man en 'n perd" en "Reünie", die verlies van liefde en die huwelik in "Boontjies" en "Die hitte van die Karoo" en ook die verlies van drome, jousef en jou eiebelang in "Die verloofring", "I'm so sorry" en die titelverhaal. Dit is die draad wat deur die hele bundel loop: die verskillende vorme van verlies waarmee die mens moet handel en die gevolge daarvan op so 'n persoon se lewensuitkyk en lewensvreugde. Dit kan 'n subtiele verwysing wees, soos in die openingsverhaal waar die jong meisie se eerste verliefdheid noodwendig gedoem is weens omstandighede, of dit is 'n skreiende rou verhaal wat die leser tromp-op loop, soos die verhaal "Erica". Die ouderdom en die dood kom ook in 'n aantal verhale ter sprake, maar nie noodwendig as hooftemas nie - eerder as grondtemas vir hierdie oorkoepelende tema van verlies. 'n Ander belangrike tema is **liefde** en die verhoudings tussen mense - veral die intieme verhoudings - hetsy dit in die huwelik of in vriendskap is. Die verskillende vorme van liefde, soos eerste liefde, die liefde vir 'n eggenoot, vriendskap, seksuele liefde en begeerte, verbrokkelde liefde, verlore liefde en liefde vir jou medemens, word in fyn detail in elkeen van hierdie verhale beskryf. Elke liewe verhaal in die bundel handel oor 'n ander vorm van




liefde en die mens se behoefte daaraan. Die liefde is die hoofbestanddeel in elke lewe, ongeag hoe dit neerslag vind en hoe dit uitgeleef word.

Godsdien is nog 'n tema wat in die bundel verhale na vore kom. Die verhale is duidelik uit 'n tradisionele Christelike perpektief geskryf, maar soos die tema van liefde word dit bloot beskryf as 'n noodsaaklike en belangrike deel van 'n mens se lewe. Die woord "dankbaarheid" word deurgaans gebruik in relasie met die godsdienstige verhoudings wat bekryf word, soos in die verhale "Die tweede diens" en "Beeld van 'n lewe: Man en 'n perd". Die godsdienverwysings in die eerste en laaste verhaal in die bundel, teenstrydig met die ander verhale se gemaklike Christelike verwysings, bind die verhale in 'n kringloop saam. Die openingsverhaal meld die Morawiese godsiens en gebruike, vreemd vir die plattelandse mense van daardie tyd, terwyl die slotverhaal handel oor 'n welbelese, intelligente vrou wat haar as ateïs verklaar, maar 'n besondere vriendskapverhouding met 'n priester het. Die oop einde van die verhaal (en bundel daarmee saam) laat die leser met 'n paar logiese gevolgtrekkings, hoofsaaklik weens die godsdienstige trant van die ander verhale deur die bundel. Dit sluit ook die bundel af met die implikasie dat God se liefde, soos deur die mens volvoer, bo verlies en ouderdom en dood kan uitstyg.

Hierdie is 'n heerlike debuut met verhale met genoeg diepte om dit 'n heerlike leeservaring te maak. Dit is nie noodwendig 'n pryswenner-bundel nie, maar verhale soos "Die Verloofring" is werklik die lees en herlees werd.

Wedstrydvraag: Noem die drie belangrikste temas in hierdie bundel kortverhale van Cecile Cilliers.

E-pos jou Naam, Fisiese adres (vir koerier) en antwoord na: admin@dameskring.co.za



Vroue van die Bybel 2 deur Esté Geldenhuys.

Uitgewer: Lux Verbi Resensent: Lizette Murray

Prys: R180

In *Vroue van die Bybel 2* skryf die bekende radio-omroeper, Esté Geldenhuys, weer oor Bybelse vroue – dié keer oor vroue wie se name in sommige gevalle nie eers aan ons bekend is nie, maar wie se verhale ons inspireer om elke dag se uitdagings met geloofsmoed aan te pak.



Geldenhuis wy die eerste gedeelte van die boek aan vrou uit die Ou Testament, terwyl sy haar in die tweede gedeelte op vrou uit die Nuwe Testament toespits.

In die voorwoord – getiteld *Liewe vrou wat hier lees* – skryf Geldenhuis: “Dit is juis een van die boodskappe van die boek: Bekend of onbekend – elke vrou maak ’n verskil, lewer ’n bydrae tot die lewe van almal rondom haar.” Soms lê die boodskap van ’n bepaalde hoofstuk egter nie soseer in die optrede of lewe van die vrou ter sprake nie, maar veel eerder in die Skrifgedeelte waarbinne die bepaalde karakter se lotgevalle geteken word. ’n Goeie voorbeeld is die verhaal van die dogtertjie van Jairus wat uit die dood opgewek word.

Daarteenoor lê die kern van Naäman se wondergenesing in die onverskrokke geloof van ’n klein slawe-dogtertjie. In hierdie geval dien háár optrede vir die leser as voorbeeld en aansporing.

Die skrywer span haar Skrifkennis, asook haar kennis van die Heilige Land en Bybelse gebruike effektief in om die boodskap sterker na vore te bring. ’n Goeie voorbeeld hiervan is die hoofstuk, *Die vrou van die verbond*, waarin die vrou wat 18 jaar lank onder ’n bose gees gely het, deur Christus genees word. Die feit dat dit op die sabbatdag geskied het, konfronteer die leser met die vraag: Wat bepaal my lewe: Wette en bepalings wat deur mense gedikteer word, of ’n voortdurende bewustheid van God se stem? Die boodskap van hierdie hoofstuk is – in die skrywer se eie woorde – “Lééf in gehoorsaamheid uit liefde en jy sal nie deur mensgemaakte wette gepootjie word nie.”

Die agtergrondbeskrywings, teksverwysings, asook subtemas is interessant en getuig van navorsing en deurleefdheid. Vir hierdie leser is die mees geslaagde hoofstukke dié waarin die vrou en haar getuienis sentraal staan. Die eenvoud en krag van hierdie boodskappe inspireer, byvoorbeeld die gedeelte oor Abigajil.

Die boek se taal- en teksversorging is goed. Daarom is dit tog jammer dat die Engelse woord vir skande, naamlik *shame* (bl. 30), gebruik word, terwyl die Afrikaanse eweknie myns insiens ewe sterk en veelseggend is. En dan het die spelfout, “baba’s” (bl. 155) deurgeglip, in plaas van die korrekte “babas”.

Dit doen nie afbreuk aan die diep waarhede wat die skrywer ontgin nie. Terwyl sy onderrig en leer, betrek sy al geselsend die leser – óf deur haar informele gesprekstrant, óf deur die persoonlike appèl wat sy tot elkeen rig: “Hy verlang na jou. Ja, na jóú.” Of: “Wees veral eerlik oor jou droogmaakgoed.”



In die slothoofstuk, *Jesus se boodskap vir vroue – Toe én nou*, skryf Geldenhuys: “Verder moet ons weet dat Hy ’n plan het met alles in sy skepping. Hy het ook ’n plan met elkeen van ons. Hierdie plan word gedra deur liefde, dit word uitgevoer in liefde en die einddoel daarvan is liefde.”

In hierdie boodskap lê ’n diep troos en sekuriteit, sowel as ’n opdrag vir ons elkeen.

Wedstrydvraag: Noem die titel van die hoofstuk waarin die vrou wat 18 jaar lank onder ’n bouse gees gely het.

E-pos jou Naam, Fisiese adres (vir koerier) en antwoord na: admin@dameskring.co.za

BAIE DANKIE AAN NB UITGEWERS VIR DIE MAANDELIKSE BOEKE WAT DEUR HULLE GEBORG WORD.

Ons wil graag meer van julle bedrywighede/prestasies weet...

Indien julle iets interessant het om te deel, ’n prestasie of sommer ’n ’onverwagte kuier-foto’ wil ons dit graag in die Klitsklets plaas. So kan ons mekaar beter leer ken. Stuur gerus jul bydraes aan: admin@dameskring.co.za

KLITS KLETS

Die Dameskring - HOOFKANTOOR:

Gerard Moerdijk-huis, Voortrekkermonumentterrein, Eeufeesweg, PRETORIA

Tel: 012 301 1777

Faks: 086 550 3968

E-posadres: admin@dameskring.co.za

Webtuiste: <http://diedameskring.amawebs.com/>

U ontvang hierdie e-pos omdat u geregistreer is as ’n lid op *Die Dameskring*-databasis. Indien u dit nie wil ontvang, e-pos asseblief ‘Kanselleer’ na admin@dameskring.co.za

